# SW: GESKIEDENIS

# **ERDEWERK en JAG**


## WEEK 9: 18 JUNIE 2020

## Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©


# ERDEWERK p.147

**Potte** was belangrike voorwerpe in die daaglikse lewe van die boere. Hulle het gebakte kleipotte gebruik **om te kook, kos te berg, en water aan te dra.**
**Vroue was verantwoordelik vir die maak van die potte.**
Hulle het klei op die rivieroewers bymekaar gemaak en dit in die vorm van 'n pot verwerk. Hulle het die potte versier en daarna op 'n oop vuur of vlak holte gebak.


Wanneer die pot gebak is, het die klei hard geword.

**POTTEBAKKERSWERK WAT IN SEREMONIES GEBRUIK WORD.**
Sommige van die pottebakkerswerk wat in die grond gevind is, is nie as potte gebruik nie. Geskiedkundiges dink dat hierdie soort pottebakkerswerk in **seremonies soos inisiasie-seremonies,** gebruik is.
Die **Lydenburg Koppe** is 'n versameling pottebakkerswerk wat naby die dorp **Lydenburg in Mpumalanga** gevind is. Al die stukkies was in die grond begrawe. Wetenskaplikes het die stukkies aanmekaar gesit en het **sewe** pottebakkersmaskers gemaak wat soos koppe lyk. Die Lydenburg koppe is ongeveer 1500 jaar oud.

**Na hul seremonies het hul die koppe stukkende gebreek en in die grond begrawe. Hulle het geglo dat dit ongelukkig is om hierdie soort pottebakkerswerk te hou nadat die seremonie verby is.**


LYDENBURG KOPPE

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# AKTIWITEIT : ERDEWERK

LAERSKOOL MIKRO

**<u>Skryf die onderstaande sinne af en voltooi hulle:</u>**



1. Noem 3 dinge waarvoor die boere die potte gebruik het?
2. Wie was verantwoordelik vir die maak van die potte?
3. Mense het die stukkende stukke van ______ koppe naby Lydenburg gevind.
4. Lydenburg is in ___________________ (provinsie).
5. Waarvoor is die Lydenburg Koppe waarskynlik gebruik?
6. Waarom is die koppe gebreek?



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# MEMORANDUM: ERDEWERK

1. Om te kook, water aan te dra en kos in te berg
2. Die vroue
3. Sewe Koppe
4. Mpumalanga
5. Die koppe is in inisiasie-seremonies gebruik.
6. Hulle het geglo dat dit ongelukkig is om hierdie sort pottebakkerswerk te hou nadat die seremonie verby is.


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# JAG

Dierevelle en **ivoor** is gebruik om met mense oorsee handel te dryf. **Olifanttande is van ivoor** gemaak. Arabiese handelaars het na Mosambiek se kus toe gevaar. Hulle het glaskrale,armbande, hangertjies, Indiese materiaal en Chinese pottebakkerswerk vir ivoor en diervelle geruil. Mense in China het ivoor vir handvatsels van messe en swaarde gebruik. **Ivoor was 'n simbool van mag** en kon slegs deur die **familie van opperhoofde** gedra word.

Belangrike families het velle en pragtige pelse gedra. **Luiperdpels was byvoorbeeld 'n simbool van mag** en slegs **belangrike mans en opperhoofde** kon dit dra.


**PRENT : SLEUTEL**

1. Jagters grawe 'n put.
   Hulle bedek die put met takke.

2. Hulle maak heinings met takke en klippe.

3. Die jagters jaag 'n olifant tussen die heinings in na die put toe.

4. Die jagters maak die olifant in die put dood.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# AKTIWITEIT: JAG

LAERSKOOL MIKRO

**Beantwoord die JAG vrae op jou lyntjies papier onder jou ERDEWERK antwoorde:**

1. Waarvoor is die ivoor gebruik?
2. Waarvoor is die velle en pelse van wilde diere gebruik?
3. Waarvan was ivoor en luiperdpels ‘n simbool?
4. Van watter dier kry ons ivoor?
5. Hoe kan jy deur na ‘n man te kyk weet dat hy lid was van ‘n belangrike familie?









Laerskool Mikro Kopiereg ©

**MEMORANDUM: JAG**

1. Hangertjies en armband.
2. Om as klere te dra.
3. Ivoor en luiperdpels was ‘n simbool van mag.
4. Olifante
5. Die man het ‘n luiperdpels gedra.



